

Ek wil geloofsdade doen, Here!

Pitkos

Braam Krüger

17 Aug 2016

Teksgedeelte: Hd 2: 37 – 47; Dt 6: 1 – 9

Diepgaande verhoudings vra na mense wat in die totaliteit van hulle menswees by iemand betrokke is. Kom ek verduidelik hierdie stelling:

1. Die mens se “samestelling” word o.a. in Dt 6: 5 beskryf as hart, siel en krag. Jou **hart** beskryf jou denke, nadenke, filosofie. Jou lewensooruigings. Die **siel** teken iets van die mens se emosie, dalk eerder empatie. En die **krag** verwys na die mens se dade, sy optrede.
2. As dissipels van Jesus staan ons in drie verhoudings. Eerstens met God, dan met medegelowiges en uiteindelik ook met ongelowiges of vreemdelinge.

Ons kan dit in 'n matriks teken:

Aspekte van menswees	Verhoudings			
		Medemens	God	Vreemdelinge
	Krag	X	X	X
	Siel	X	X	X
Hart	X	X	X	

Dit blyk dat ons nogal baie dink oor God, soms dink oor ons medegelowiges (veral die in jou eie gemeente) en so af en toe oor die lot van die kerkloses en kerklosses. Maar ons “voel” heelwat minder vir God, medegelowige of vreemdeling.

Tog kan mens mos nie sommer net empatie/meegevoel/liefde aanskakel nie! Dit blyk dat die mens dikwels dinge omdraai: Eintlik is emosie die resultaat van optrede. Bv, as jy goed doen aan iemand, dan voel jy goed oor jouself én die persoon. Maar as jy sleg doen, dan voel jy sleg oor jouself en die ander. Daarom leer die Here ons dat liefde ‘n daad is! Iets wat jy dóén.

En dit is ons uitdaging vir hierdie week: Om “Random Acts of Kindness” te doen. Ja, om uit jou gemaksonne te tree, en sommer net iets goeds te doen – vir God, vir medegelowiges en aan vreemdelinge. RAK. Random Acts of Kindness.

En nie net hierdie week nie, maar sommer altyd. Omdat Jesus hierdie ongelowige Act of Kindness gedoen het – Hy het aan ‘n kruis gaan sterf om met ons sondes af te reken. En dit onthou ons hierdie komende Sondag in die nagmaal!